JAARVERSLAG VAN DIE TAK NATUURBEWARING, DEPARTEMENT LANDBOU EN NATUURBEWARING, VIR 1981

INLEIDING

Altesame 284 197 besoekers het die wildtuine en oorde van die Tak Natuurbewaring gedurende 1981 besoek, 'n vermeerdering van 15% teenoor 1980. Hierdie toename kan toegeskryf word aan 'n vermeerdering van 88% in besoekers uit die buiteland en 24% in besoekers uit die Republiek van Suid-Afrika. Die inkomste uit die wildtuine en oorde vir 1981 was R3 757 707, 'n vermeerdering van R932 061 teenoor 1980.

Met die uitsondering van die Waterberg-platopark waar die reënval voldoende was om weiding vir die wild op die plato te voorsien, het die droogte in al die ander wildtuine 'n ernstige tekort aan weiding tot gevolg gehad en groot getalle wild het van honger gevrek.

Die hondsdolheidepidemie onder koedoes het in 1981 steeds toegeneem en die koedoevrektesyfer op ten minste 10 000 te staan gebring.

Die bydrae uit wild tot die brutovolksinkomste het in 1981 met nagenoeg R3 miljoen gestyg.

OORDEBESTUUR

Van die 284 197 besoekers wat die ruskampe en oorde van die Tak Natuurbewaring gedurende 1981 besoek het, was 52,9% Suidwesters, 26,3% afkomstig uit die Republiek van Suid-Afrika en 20,8% uit die buiteland. Teenoor die syfers van 1980 verteenwoordig hierdie persentasies 'n daling van 3% vir Suidwesters, 'n styging van 24,3% in die besoekers uit die Republiek en 'n styging van 88% in die besoekers vanaf die buiteland en kan hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat daar vanaf 1981 meer toerbusse met groter geselskappe in die Nasionale Etoshawildtuin toegelaat word.

......./2

In die loop van 1981 het toerisme teenoor vorige jare in die suide en weste van Suidwes aansienlik toegeneem. Die getal besoekers aan die noorde was 55 015, aan die suide 106 628 en in die weste 122 562. 76% van die besoekers aan Warmbron Ai-Ais was afkomstig van die Republiek terwyl Gross-Barmen by uitstek deur Suidwesters en buitelanders besoek is.

NATUURBESTUUR

Met die uitsondering van die Waterberg-platopark is die weiding en gevolglik ook die wild in al die wildtuine deur die droogte benadeel.

Alhoewel die beoogde wildtuine in die Caprivi, Kavango en Boesmanland nog nie geproklameer is nie is daar reeds ver gevorder met die totstandkoming daarvan.

Beperkte fondse, veral ten opsigte van vervoer, het 'n baie nadelige uitwerking op die werksaamhede van die wetstoepassers sowel as wildtuinpersoneel gehad.

Nasionale Etoshawildtuin

Reënval in die wildtuin was heelwat laer as in die vorige jaar en die weiding was baie swak. Wild het in die Karosskamp en Otjovasandu-omgewing van honger gevrek. 1 023 stuks wild is uit hierdie gebiede verwyder en na ander dele van die wildtuin en die Waterberg-platopark verplaas. 1 670 stuks wild is geoes en aan die restourante van die ruskampe gelewer of aan private instansies verkoop.

27 km olifantwerende heining is teen die suidgrens voltooi. As gevolg van die droogte het olifantprobleme egter op plase aangrensend tot die wildtuin toegeneem.

Waterberg-platopark

Alhoewel die wildtuin gedurende 1981 minder as die jaarlikse reënval gekry het, was daar nie weidingsprobleme nie. Volgens 'n wildtelling is daar tans 7 buffels, 62 swartwitpense, 17

......./3

witrenosters, 'n geraamde 1 000 elande, 42 blouwildebeeste asook 'n aantal basterhartbeeste, bastergemsbokke en kameelperde in die wildtuin.

Die enigste kolonie Kaapse aasvoëls in Suidwes-Afrika kom in die Waterberg-platopark voor. Teenoor die vyf volwasse voëls in 1977 getel, is daar gedurende 1981 60 volwasse voëls en ongeveer 20 kuikens opgemerk.

Vroeg in 1981 is beperkte oornagkampeergeriewe in die park opgestel en 'n totaal van 2 066 besoekers, waarvan die oorgrote meerderheid Suidwesters was, het van hierdie geriewe gebruik gemaak.

Skedelkuspark

Die droogte het tot gevolg gehad dat daar ook in die Skedel= kuspark weinig grasweiding was. Daar was slegs weiding in die rivierlope in die vorm van kweek, biesies en riete en 'n ver= skeidenheid bosse en bome.

Probleme is ondervind met beeste van nomadiese boere wat as gevolg van die droogte met die rivierlope weswaarts getrek het en die park binnegedring het. Leeus het egter meeste van die beeste opgevreet.

'n Totaal van 51 935 vis is in 1982 by die twee oorde gevang, die oorgrote meerderheid waarvan by Terracebaai aangesien Torrabaai net vir slegs ses weke van die jaar besoek word.

Die wateropbergingskapasiteit by Möwebaai vanwaar Terracebaai se water gehaal word, is met 10 000 liter verhoog. Die krag= stasie by Springbokwater is voltooi en 'n woonhuis vir personeel asook arbeiderskwartiere is by die Ugabmond gebou.

By Möwebaai is daar in die loop van 1981 onder die ou konsessie deur Dimacor ontgin. Mynbedrywighede by Sarusas is voorlopig gestaak.

Namib-Naukluftpark

Die gemiddelde reënval in die park, gemeet op 13 punte, was vir 1981 18 mm in vergelyking met 144,1 mm vir 1979. Die meeste fonteine in die park vloei nog, hoewel 'n paar van die kleiner fonteine opgedroog het.

Daar was geen weiding in die woestyngedeelte van die park nie, slegs 'n mate van plantegroei in die berge. Wildgetalle was baie laag en vrektes het gereeld voorgekom. Groot troppe wild het die park na staatsgrond verlaat. In die loop van die jaar is 580 gemsbokke, 180 sebras en 30 koedoes gevang of geoes.

Die maatskappye General Mining en Anglo American het steeds na bronminerale geprospekteer, terwyl 'n gipsmyn binne die park bedryf is.

Ontspanningsoord Hardap

Daar het baie min reën in die wildtuin geval, slegs 17 mm teenoor 227 mm in 1979 en 121 mm in 1980. Die Hardapdam was ongeveer 35% vol. Heelwat diere is vrek as gevolg van gebrek aan weiding. Die oewers van die dam het die enigste groen weiding in die vorm van opslag gelewer en is deur alle diere benut.

Daan Viljoenwildtuin

Die totale reënval vir 1981 was 65 mm teenoor 296 mm vir 1980. Die weiding was baie swak en ten einde weiding te bespaar is 33 sebras, 5 elande, 36 gemsbokke en 25 koedoes geoes. Al die damme in die wildtuin was droog. By die beoogde navorsingstasie in die wildtuin het die boorgate voldoende water gelewer vir die suiping wat druk deur die wild benut is.

Boesmanland

Besoekers aan Boesmanland het steeds toegeneem ongeag die gebrek aan akkommodasie en enige geriewe. Die stigting van 'n wildtuin is reeds deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur en die prokla=

Ontspanningsoord Von Bach

Alhoewel daar min reent in die wildtuin geval het, is daar weens die lae getalle wild wat daar voorkom geen weidingsprobleme ondervind nie. 14 beeste, wat sedert die totstandkoming van die wildtuin daar geloop en in die proses baie wild geword het, is in opdrag van die Ministersraad vernietig. 30 koedoes is in die loop van die jaar deur die publiek binne die wildtuin onder toesig van 'n natuurbewaarder gejag.

Windhoek-streekkantoor

Wild het weens die droogte oor 'n wye gebied getrek. Een trek van ongeveer 1 000 gemsbokke is tussen Okahandja en Hochfeld waargeneem. 17 skole, verenigings en boereverenigings waarby 1 706 persone betrek is, is deur middel van films en praatjies oor wetgewing, besoedeling en die doel en funksies van natuurbewaring ingelig. 16 jaggidse en drie beroepsjagters is getoets terwyl 32 jagplase geïnspekteer is, wat die totale geregistreerde beroepsjagters op 35, geregistreerde jaggidse op 182 en geregistreerde jagplase op 170 gebring het.

Keetmanshoop-streekkantoor

Een gifskieterkursus wat deur twaalf persone bygewoon is, is aangebied. Praatjies is gelewer en films vertoon by verskeie skole en is deur 3 119 persone bygewoon. Twee boereverenigings is toegespreek en 61 plaas- en dorpinspeksies is uitgevoer.

Otjiwarongo-streekkantoor

316 plaasinspeksies is uitgevoer terwyl vyf jaggidse en een beroepsjagter getoets is. Nege jagplase is geïnspekteer en geregistreer. Sewe praatjies en lesings wat deur 167 persone bygewoon is, is gegee.

Wetstoepassing

Die totale aantal persone wat in die loop van 1981 aangekla is, is 397, die getal sake wat voorgekom het 119 waarvan ses nog hangende is en die totale bedrag boetes wat opgelê

........./7

1981



is R99 375,00. Bewysstukke ter waarde van R17 830,00 is verbeurd verklaar.

Handel met wild en wildprodukte

34 695 voëls ter waarde van R277 270,00 is in die loop van 1981 deur wildhandelaars uitgevoer. Die uitvoer van inheemse voëls is vanaf 1 Januarie 1982 verbied.

Wild ter waarde van R65 570,00 is deur handelaars na die buiteland en ter waarde van R689 150,00 na die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer. Sonder die bemiddeling van wildhandelaars het boere (Farmer) wild ter waarde van R129 720,00 na die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer. Wild ter waarde van R110 850,00 is deur boere en handelaars ingevoer.

Wildsvelle, horings en ander wildprodukte ter waarde van R82 052,00 is deur handelaars na die buiteland uitgevoer. Trofeë aan besoekers geskenk en oorsee uitgevoer het teen handelspryse bereken 'n waarde van R97 800,00 beloop terwyl trofeejagters trofeë ter waarde van R2 084 300,00 uitgevoer het. Trofeë ter waarde van R80 920,00 en wildsvelle ter waarde van R1 057 090,00 is na die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer.

Jag van wild

Nagoesspanne het in die loop van 1981 41 754 springbokke, 3 903 gemsbokke, 1 044 koedoes en 15 blesbokke geskiet. Die opbrengs uit hierdie wild het R3 241 907,00 bedra.

Vanweë die droogte is meer permitte as normaalweg uitgereik om wild te skiet vir eie gebruik, weiding te beskerm, vleis aan slagters te verkoop, eiendom te beskerm en om vleis wat ter wille van trofeë gejag is, te verkoop. Bereken teen die getal velle wat uitgevoer is, was die waarde van wild wat vir hierdie doeleindes gejag is R 947 860,00.

1 537 trofeejagpermitte is uitgereik, die meerderheid waarvan aan jagters afkomstig uit Duitsland. Benewens die bedrae uitgegee aan trofeë, het trofeejagters 'n berekende bedrag van

R3 688 800,00 aan huisvesting, vervoer en ander dienste bestee.

Bydrae uit wild tot die brutovolksinkomste is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| (i) | inkomste uit trofeejag | R 5 854 020,00 |
| | uitvoer van trofeë en velle | 1 236 942,00 |
| | uitvoer van wild en voëls | 1 161 710,00 |
| | wild in die nag geoes | 3 241 807,00 |
| | wildsvleis deur boere verkoop/verbruik | 3 974 860,00 |
| | | R15 469 439,00 |

| | | |
|---|---|---|
| (ii) | direkte inkomste vir die Staat: | |
| | trofeepermitte | R 38 425,00 |
| | uitvoerheffing | 24 287,00 |
| | verkope van wild | 76 470,00 |
| | wildsvleisverkope deur Staat | 175 322,00 |
| | | R 314 504,00 |
| | | 15 469 439,00 |
| | | R 15 783 943,00 |

NAVORSING

Die projek oor die plantekologie van die Waterberg-platopark is afgehandel. Die doel was om 'n opname te maak van die verskillende plantgemeenskappe en hulle onderskeie verspreidingspatrone en aanbevelings te doen in die lig van die doelwitte van die wildtuin, naamlik die teel van skaars diersoorte en die bewaring van die boomsavanne en droëwoudplantegroeitipe.

Die projek oor die monitering van die gehalte, beskikbaarheid en benutting van voer op die gruisvlaktes van die Kuisebstudiegebied is afgehandel. Die resultate het duidelik getoon dat wildgetalle in die Namib beheer moet word om plantegroei te beskerm en mortaliteite te beperk.

Daar is heelwat gevorder op die gebied van navorsing in die Nasionale Etoshawildtuin. Die finale verslag van die projek oor die ekologie van die olifant is voltooi. Die belangrikste

aanbevelings is die vermindering van olifantgetalle en die her=winning van die vlaktegebiede. Plant- en benuttingsopnames is gedoen in gebiede wat gedurende 1980 gebrand het. In samewerk=ing met ingenieurs wat aan die Randse Afrikaanse Universiteit verbonde is, is daar toetse met 'n geëlektrifiseerde olifant=werende heining uitgevoer.

'n Nuwe projek oor die ekologie, gedrag en bevolkingsdinamika van die groot roofdiere in die wildtuin het 'n aanvang geneem. Daar word eerstens op leeus gekonsentreer weens die oorheersende posisie wat hulle in die roofdierkomponent beklee. Daar is beplan om minstens 100 leeus te merk en die moontlikheid om leeugetalle te beheer deur die gebruik van geboortebeperkings=middels word ondersoek. 'n Korttermynondersoek om die gevolge van die droogte op Etosha se diere te bepaal, is uitgevoer op die wild wat in die Otjovasandu-omgewing en op Kaross geoes is.

Die projek oor die ekologie van die swartaasvoël is afgehandel. In samewerking met die Percy FitzPatrickinstituut is 'n voëltel=ling van die Skedelkuspark se kusvoëls vanaf Kaap Kruis tot by die Kunenemond uitgevoer. Die telling dui daarop dat die Skedelkuspark 'n belangrike habitat vir die Damara-seeswael, grys-strandloper en die drietoon-strandloper is.

'n Nuwe projek wat handel oor die ekologie van die watervoëls van die Hardapdam het 'n aanvang geneem en daar is ook begin met 'n voëlkundige opname van die Waterberg-platopark. Nog twee projekte is die samestelling van 'n voëlatlas vir Suidwes-Afrika waarvoor verspreidingsrekords van voëls wat vanaf 1969 dateer gebruik sal word en die vasstelling van die produksiepotensiaal van die volstruis in Suidwes-Afrika.

Die probleemdierseksie het 'n ondersoek na werweldiergifstowwe van stapel gestuur. 'n Uitvoerbaarheidsondersoek vir beoogde proewe met die elektrifisering van omheinings is gedoen, maar ernstige praktiese probleme is ondervind.

Die ondersoek na die leerpotensiaal van dassievelle is in 1981 voltooi en die resultate dui daarop dat dassievelle beperkte moontlikhede inhou vir die vervaardiging van ligte leer- en

pelsartikels mits die vel gekleur word.

Die Junior Kaptein Scott Gedenkmedalje is aan die probleemdier=beampte van Seksie Navorsing toegeken vir sy verhandeling oor die dassieprobleem.

Hardap-varswatervisinstituut

'n Totaal van 12 139 vis met 'n massa van 19 274 kg is uit die Hardapdam verwyder en verwerk en aan die restourant op Hardap en die plaaslike mark te Mariental gelewer. Die teelstasie het 34 000 bloukurper-vingerlinge in die Hardapdam oorgeplaas. As gevolg van die droogte was daar 'n afname in die hoeveelheid klein vissies wat aan boere voorsien is.

'n Simposium oor vissiektes is by die Instituut gehou. Prof. Schoombee van RAU, prof. Zaayman van die Universiteit van die Noorde en dr Brandt van Marble Hall het as gassprekers opgetree.

Namib-navorsingsinstituut, Gobabeb

'n Totaal van 455 persone het die navorsingsinstituut gedurende 1981 besoek. Die totale reënval op Gobabeb vir die jaar was 4,6 mm en die totale misneerslag was 41,3 mm. Die projek oor die eto-ekologie van die twee aparte steenbokpopulasies in die Namibwoestyn het goed gevorder.

Wildvang

Gedurende 1981 is daar in totaal 1 338 stuks wild deur die wildvangeenheid op Kaross/Khoabendes, Otjovasandu-omgewing, Hardapwildtuin, Daan Viljoenwildtuin en in die Administrasie wildpark gevang. Die gemiddelde mortaliteit was 5,38%. Meeste van hierdie diere is in die Waterberg-platopark, Kavango of by die Charl Maraisdam in Etosha hervestig terwyl die ander aan verskeie instansies geskenk is.

'n Totaal van 2 656 stuks wild is gedurende 1981 geoes en is vir 'n totale bedrag van R163 275 verkoop.

......./11

Nagoes op plase

Daar is op 283 plase met vier geregistreerde oesspanne 44 640 springbokke, 1 141 koedoes, 4 426 gemsbokke en 15 blesbokke geoes. Die beraamde inkomste bereken teen die pryse wat die oesspanne hieruit ontvang het, is R3 241 904. Hoër pryse was verantwoordelik vir 'n hoër inkomste as in 1980, hoewel die massa uitgevoer laer was.

Publikasies

Twee artikels deur H. H. Berry het in Madoqua Volume 12 No. 4 verskyn, een deur E. Joubert in Geo-Journal Supplementary Issue 2 (1981) en een deur J. E. Lensing in SWALURAMA. Vyf artikels deur H. H. Berry vir Madoqua is tans in die pers en twee deur J. E. Lensing, een in Madoqua en een in die SWA-Jaarboek.

Vergaderings en konferensies

Verskeie simposiums en konferensies asook die jaarlikse Vakkundige Vergadering is deur navorsingsbeamptes bygewoon. 'n Wye reeks lesings oor natuurbewaringsaangeleenthede is aan boereverenigings en ander verenigings gelewer terwyl 'n totaal van 14 radiopraatjies oor natuurbewaring deur die SWAUK opgeneem en uitgesaai is. 'n Film oor die leeuprojek in Etosha is deur die SATV gemaak en oor die RSA en SWA TV-netwerke gebeeldsaai.

INSTANDHOUDINGSDIENSTE

Altesaam 59 kilometer paaie is gebou en van 'n gruislaag voorsien. 2 814 kilometer toeriste-, brand-, toegangs- en grenspaaie is geskraap en in stand gehou. Agt vliegvelde is geskraap.

In Boesmanland en Kavango is 59 kilometer oopgestoot vir die span van grensdrade vir nuwe wildtuine. By die Nasionale Etoshawildtuin is 40 kilometer wildwerende heining op die suidgrens gebou. Die oornagstaanplekke by die Duwisibkasteel is gegruis en by Naukluft is daar 'n pad gemaak vir wildoes bo-op die plato.

......./12

REKLAME

In 1981 het Natuurbewaring saam met Veeartseny by die Windhoekse Landbouskou uitgestal. Die uitstalling het gehandel oor die koedoe in Suidwes-Afrika met spesifieke verwysing na padongelukke veroorsaak deur koedoes en hondsdolheid in wilde en huisdiere met spesifieke verwysing na die hondsdolheidepidemie onder Suidwes-Afrika se koedoes. Twee inligtingsbrosjures oor bo= genoemde onderwerpe is opgestel en gedruk en by die Skou onder die publiek versprei.